Woodoc Patio Spesifikasieblad

Tipiese Aanwending:
'n Diep penetrerende was- en olievermenging, spesifiek geformuleer vir die reiniging en onderhoud van geoliede, verseëlde of verniste buitenshuise houtmeubels en houtwerk. Die herhaling van aanwending hang af van die vlak van blootstelling en die felheid van weerstoestande – veral blootstelling aan sonlig. Hout behoort eers met 'n Woodoc Verseëlaar verseël te word. **Let wel: Die produk kan houtdekke of –trappe glad maak. Gebruik dus baie spaarsamig daarop.**

Produkeienskappe:
Woodoc PATIO bevat ultravioletfilters en is waterwerend. Dit reinig en verfraai nie net die oppervlak nie, maar penetreer, selfs deur bestaande oppervlaklae. Dit hou die hout gevoed en beklemtoon die grein daarvan. Die wasinhoud help om vog uit te sluit terwyl die UV-absorbeerder die verseëlaar se UV-weerstand aanvul.

- Verhoog die beskerming van hout teen seisoens- en omgewingsveranderinge.
- Bring die natuurlike kleur en grein van hout na vore.
- Verlewendig die oppervlak, terwyl dit ook skoonmaak en verfris.
- Nie-giftig wanneer droog.
- Verenigbaar met alle vernisse, verseëlaars en afwerkings.
- Onbeperkte raklewe.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

Nr: WP/004
Gedateer: 26/07/17
Naam:
Woodoc Patio
Beskrywing:
Reinigings- en Onderhoudswas vir hout.
Dekking:
Hang van aanwending af.
Aanwending:
Met verfkwas of lap.
Drogingstyd:
Nie van toepassing.
Produkeienskappe:
'n Helder, vloeibare was geformuleer vir maksimale binnedringing.
Loodvry. Geen skadelike ontbindingsmateriale nie.
Vlambaar.
Wasinhoud:
Hoog
Behoort nie verdun te word nie.
Verpakking:
375 ml, 1 liter, 5 liter. (20 liter, 200 liter op versoek by handelaar beskikbaar.

LEES ALTYD DIE AANWYSING OP DIE HOUER VOOR AANWENDING. Skud voor gebruik.

VLAMBAAR. Hou buite bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.

Woodoc®
FOOD FOR WOOD

Vervaardig en bemark deur:
Rekara Mills (Edms) Bpk.
Posbus 16, Fort Beaufort 5720, Suid-Afrika
Tel. +2746 645 1109 Faks +2746 645 1538